

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2022

10721

BESIGHEIDSTUDIES

VRAESTEL 1

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye

BESIGHEIDSTUDIES V1

10721A

X05

b.o.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae
   Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en let veral op wat vereis word.

3. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte en detail van die antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n riglyn vir punte- en tydtoewysing wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (Minute)
A: **Verpligte Objektiewe-tipe vrae**	1	30	20
B: **DRIE direkte/indirekte-tipe vrae KEUSE: Antwoord enige TWEE**	2 3 4	40 40 40	35 35 35
C: **TWEE opstel-tipe vrae KEUSE: Antwoord enige EEN**	5 6	40 40	30 30
		150	**120**

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op ’n NUWE bladsy, byvoorbeeld, Vraag 1 – nuwe bladsy, Vraag 2 – nuwe bladsy, ens.

8. Jy kan ’n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 to 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die doel van hierdie Wet is om verbruikers te beskerm teen roekelose kredietverskaffing deur besighede.

A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
C Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005)
D Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)

1.1.2 Trendy Swemdrag wat in die vervaardiging van sportdrag spesialiseer, het die ... integrasiestrategie geïmplementeer toe hulle Sports Inc. klerewinkel koop.

A agtertoe
B vorentoe
C horisontale
D vertikale

1.1.3 Watter van die volgende ondernemings kan onder die primêre sektor geklassifiseer word?

A Groenewald Prokureurs
B Koop en Betaal Supermark
C Siddiq Handsak Vervaardigers
D Thuthuka Goudmyn

1.1.4 Dit kombineer die posbeskrywing en posspesifikasie, en het verband met werknemers binne ’n organisasie:

A Posontleding
B Werwing
C Seleksie
D Induksie

1.1.5 Die vermoë van CC Enterprise se produkte om die doeltreffendheid van dienste te maksimeer en ’n effektiewe uitkoms te bied sonder te veel vertragings:

A Kwaliteitsbeheer
B Kwaliteitsbestuur
C Gehalte
D Kwaliteitsversekering

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde wat in die lys hieronder verskaf word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK.

Nasionale Kredietwet; plasing; beheer; induksieprogram; Menslike Hulpbronne Ontwikkelingstrategie; Wet op Verbruikersbeskerming; Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie; keuring; versekering; dienskontrak

1.2.1 Die ... het ten doel om vinniger ekonomiese groei en verminderde vlakke van armoede te bereik.

1.2.2 Die ... dwing besighede om meer inligting oor hul produkte en prosesse bekend te maak.

1.2.3 Die MHF aktiwiteit wat gebruik was deur ABC Builders om 'n spesifieke werk aan die geselekteerde kandidaat toe te ken staan bekend as ...

1.2.4 Gehalte ... beteken om te verseker dat elke proses daarop gemik is om die produk "die eerste keer reg te kry" en te verhoed dat foute voorkom.

1.2.5 Inligting oor die besigheid se produkte moet ingesluit word in die ...

(5 x 2) (10)

1.3 Kies die beskrywing van **KOLOM B** wat ooreenstem met 'n term in **KOLOM A**. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Aflegging	A	skep 'n raamwerk vir aanvaarbare indiensnemings praktyke.
1.3.2	Administrasie funksie	B	die toevoeging van nuwe onverwante produkte by bestaande produkte wat nuwe groepe kliënte kan lok
1.3.3	Reg op privaatheid en vertroulikheid	C	kliënte kan klagtes indien via kliënte hulptoonbanke
1.3.4	Horisontale diversifikasie	D	werknemers het nie meer werk as gevolg van oortolligheid nie
1.3.5	Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes	E	hou finansiële rekords op datum om akkurate belastingbetalings te verseker
		F	voeg nuwe onverwante produkte by die bestaande produklyne wat 'n by bestaande kliënte aanklank kan vind
		G	om betroubare inligting betyds aan bestuur beskikbaar te stel
		H	kliënte kan beswaar maak teen ongewenste promosie-e-posse en televerkope
		I	bied omvattende beskerming aan werknemers wat beseer is tydens die uitvoer van hul pligte.
		J	ontslag van werknemer vir geldige redes.

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

NOTA: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld, VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Lys enige VYF komponente van die PESTWO-analise. (5)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ZAINUB KLERE VERVAARDIGERS (ZKV)

Zainub Klerevervaardigers spesialiseer in die vervaardiging van modeklere. ZKV koop rou materiaal van Mercy's Textiles aan wat altyd uit voorraad is. Werknemers van ZKV is op 'n gereelde basis afwesig van die werk. ZKV het 'n lening van Quick Loan Bank teen 'n hoë rentekoers verkry om die besigheid te finansier.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om hierdie vraag te beantwoord.

UITDAGING 2.2.1	BESIGHEIDSOMGEWING 2.2.2	MATE VAN BEHEER 2.2.3

2.2.1 Haal DRIE uitdagings vir ZKV uit die scenario hierbo aan. (3)

2.2.2 Klassifiseer ZKV se uitdagings volgens die DRIE sake-omgewings. (3)

2.2.3 Noem die mate van beheer wat ZKV het oor ELKE omgewing wat in VRAAG 2.2.2 geïdentifiseer is. (3)

2.3 Verduidelik die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (4)

2.4 Bespreek TWEE tipes verdedigende strategieë. (6)

2.5 Beskryf die strategiese bestuursproses. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INDALO KONSTRUKSIE (IK)

Indalo Konstruksie is verantwoordelik vir die ontwikkeling van vaardighede van mense in Suid-Afrika om produktiwiteit te verbeter. Hulle stel vaardigheidsontwikkelingsplanne vir hul spesifieke ekonomiese sektore op. Indalo Konstruksie bevorder en vestig ook leerderskappe.

2.6.1 Haal TWEE rolle van SOOO's (SETAs) uit die scenario hierbo aan. (2)

2.6.2 Bespreek ander rolle van SOOO's (SETAs) in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (SDA), 1998 (Wet 97 van 1998). (4)

2.7 Adviseer besighede oor maniere waarop hulle aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling kan voldoen. (6)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem VIER aspekte wat by ’n dienskontrak ingesluit moet word. (4)

3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

FATIMA FABRICS (FF)

Fatima Fabrics spesialiseer in die verkoop van symateriaal rokke. FF betaal Josef per eenheid materiaal wat geproduseer word. Peter, die bestuurder, ontvang ’n maandelikse salaris.

Identifiseer die tipe salarisbepalingsmetode wat vir Josef en Peter gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 3.2 hierbo te beantwoord.

	SALARISBEPALINGSMETODE	MOTIVERING
JOSEF		
PETER		

(6)

3.3 Verduidelik die verband tussen salarisbepaling en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. (4)

3.4 Bespreek die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) as ’n voordeel wat deur die wet vereis word. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MPO VERVAARDIGERS (MV)

Mpo Vervaardigers produseer mediese prostetika. MV implementeer Totale Gehaltebeheer (TGB) om hierdie komplekse eenhede te produseer. MV het onlangs begin om van gehaltesirkels gebruik te maak om maniere te bespreek om die gehalte van vakmanskap te verbeter. Hulle implementeer ook pro-aktiewe instandhoudingsprogramme om onderbrekings uit te skakel.

3.5.1 Uit die scenario hierbo, haal TWEE maniere aan waarop TGB die koste van gehalte vir MV kan verminder. (2)

3.5.2 Verduidelik ander maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder. (4)

3.6 Onderskei tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*. (4)

3.7 Beskryf die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering aan prosesse en stelsels. (4)

3.8 Adviseer besighede oor die impak van totale kliëntetevredenheid as ’n TGB-element op groot ondernemings. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem VIER pilare van die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

4.2 Identifiseer die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) (WBDV) wat van toepassing is op ELKEEN van die volgende beleidsverklarings van Melusi Handelaars.

4.2.1 Die werknemers van Melusi Handelaars neem 60 minute vir middagete na vyf uur van aaneenlopende werk. (2)

4.2.2 Betty is afgelê weens herstrukturering in die onderneming en is ’n skeidingspakket vir haar dienste aangebied. (2)

4.2.3 Sydney het aangebied om op ’n vakansiedag te werk en is dubbel die normale vergoedingskoers betaal. (2)

4.3 Verduidelik die stappe wat besighede moet volg wanneer ’n strategie geëvalueer word. (4)

4.4 Beskryf die voordele van diversifikasiestrategieë. (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BIG DEAL LTD (BD)

Die MH-bestuurder van Big Deal Ltd is in die proses om vakatures in die besigheid te identifiseer en geskikte kandidate daarvoor te lok. Hy beoog om kandidate te vind wat die nodige ervaring en kwalifikasies buite die besigheid.

4.5.1 Identifiseer die menslike hulpbronaktiwiteit wat in die scenario hierbo uitgevoer word. (2)

4.5.2 Bespreek die impak van eksterne werwing op besighede. (4)

4.6 Verduidelik die voordele van induksie vir besighede. (4)

4.7 Bespreek die voordele van ’n goeie gehalte bestuurstelsel. (4)

4.8 Stel maniere voor waarop die aankoopfunksie kan bydra tot die sukses van ’n onderneming. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag in hierdie afdeling.

NOTA: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat gekies is, duidelik aan. Die antwoord op die gekose vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) is ingestel om billikheid in die werkplek te bevorder. Besighede is verplig om aan die vereistes van die Wet te voldoen of boetes in die gesig te staar vir nie-nakoming.

As 'n kenner van onlangse wetgewing, skryf 'n opstel oor die volgende WGI-aspekte:

- Bespreek in breë trekke die doel van die Wet op Gelyke Indiensneming.
- Verduidelik die impak van hierdie Wet op besighede.
- Bespreek die boetes wat besighede in die gesig staar omdat hulle nie aan die WGI voldoen nie.
- Stel praktiese maniere voor waarop ondernemings aan hierdie Wet kan voldoen. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKE HULPBRONNE FUNKSIE EN GEHALTE VAN PRESTASIE)

Die Menslike Hulpbronne Funksie moet die keuringsprosedure toepas om besighede te help om die beste kandidate aan te stel. Die korrekte prosesse soos om kandidate vir onderhoude te nooi, moet toegepas word. Besighede pas Totale Gehaltebestuur (TGB) toe om mededingend te bly en die negatiewe impak te vermy as TGB swak geïmplementeer word.

Skryf 'n opstel oor die menslike hulpbronaktiwiteite en TGB waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Bespreek in breë trekke die keuringsprosedure.
- Verduidelik die rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud.
- Bespreek die impak van die volgende TGB-elemente op groot besighede:
  - Deurlopende vaardigheidsontwikkeling
  - Monitering en evaluering van gehalte prosesse
- Adviseer besighede oor die impak van TGB indien dit swak geïmplementeer word. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40

TOTAAL: 150

EINDE